

Vulkane en Grieke maak amok

Wêreldwye ekonomiese nuus: Mei 2010

Deur Kevin Lings, STANLIB-ekonoom
en Melissa Dyer, Groep Adviesdienste

Groot rampe, of dit nou mens- of natuurgedrewe is, herinner ons opnuut aan hoe broos en kwesbaar die ekonomiese herstel eintlik is. Sulke gebeurtenisse beskadig vertrouensvlakke en beleggersentiment.

Oorsese markte en ekonomieë is in die laaste maand oorheers deur Griekse verwickelinge en, meer onlangs, die chaos wat deur die as van 'n vuurspuwende vulkaan in Ysland veroorsaak is.

Die koste van Eyjafjallajokull

Dit is onmoontlik om die uitwerking op die Europese ekonomie te bereken van al die vlugkansellasies vanweë die uitbarsting van Eyjafjallajokull, een van Ysland se talle vulkane. Eers wanneer die as gaan lê het en vlugte terugkeer na normaal, sal die koste bereken kan word. Op die oomblik word geraam dat 0.05% van die Europese BBP verlore gaan met elke week wat die ontwrigting voortduur. Dit sluit nie die miljoene dollar in wat lugrederye daagliks verloor nie.

Suid-Afrikaanse uitvoerders, veral dié wat bederfbare produkte soos blomme en vrugte uitvoer, voel die knyp en daar is kommer oor die aankoms van toeriste vir die FIFA Wêreldbeker oor minder as 40 dae.

'n Kommerwekkende gedagte is die feit dat Eyjafjallajokull se uitbarsting slegs 'n 'kleedrepetisie' is vir die uitbarsting van Ysland se gevaarlikste vulkaan, Katla, wat elke 100 jaar uitbars. Die laaste uitbarsting was in 1918. Vulkanoloë glo Katla gaan vir 'n skouspelagtige vertoning sorg. Europese owerhede moet hierdie ondervinding gebruik om hulle voor te berei vir wat ongetwyfeld veel meer ontwrigting in die reisbedryf sal veroorsaak *wanneer* (nie 'as') Katla uitbars.

Skuldlaste trek Europa af

Baie aandag word bestee aan die sogenaamde "PIIGS", wat verwys na die **soewereine (regerings-) skuldinstellings** in Portugal, Ierland, Italië, Griekeland en Spanje. Regerings het baie skuld opgehoop in die proses waardeur hul ekonomieë uit die resessie gemaneuvreer is. Omdat 'n paar van hulle reeds voor die wêreldwye resessie hoë skuldvlakke gehad het, het die krisis bloot hul bestaande skuld-dilemma vererger.

Hoewel befondsing aan van die meer sukkelende ekonomieë beskikbaar gestel is, gaan dit steeds baie jare duur voor die skuldsituasies ten volle onder beheer gebring sal word. Gedurende hierdie hersteltydperk sal gewigtige skuldbetalings gemaak moet word en sal streng besnoeiings in besteding afgedwing moet word.

Die probleem met Griekeland


Die Griekse ekonomie is min of meer van dieselfde omvang as Suid-Afrika s'n, hoewel ons land baie meer mense het. Die totale Griekse regeringsskuld is meer as 113% van die BBP (bruto binnelandse produk), wat

beteken al sou die Grieke elke sent wat deur hul ekonomie gegeneer word, gebruik om hul skuld af te betaal, dit meer as 'n jaar sal kos om die skuld te vereffen. Daarteenoor staan Suid-Afrika se skuldvlakke op 37% (sien die grafiek hieronder).

Die internasionale riglyn is dat regeringskuld nie 60% van die BBP moet oorskry nie.

As gevolg van hul groot skuld, moes Griekeland meer as 11 miljard Euro's in die hande kry net om April en Mei se terugbetalings te kan finansier. 'n Verdere 20 miljard Euro's sal teen die einde van die jaar benodig word. 'n Beduidende hoeveelheid Griekse regeringsverbande is onlangs verkoop en omdat mense net bereid is om hierdie verbande te koop as die opbrengs (rentekoers) wat deur die regering betaal word, baie hoër is, gaan dit die regering veel meer kos om die nodige befondsing in die hande te kry.

Gelukkig het die EU aangedui dat hy, indien nodig, bykomende befondsing sal verskaf; en in samehang met die IMF (Internasionale Monetêre Fonds) is 'n totaal van 45 miljard Euro's reeds tot Griekeland se beskikking gestel. Die markte is steeds wankelig en spekulasie het toegeneem, miskien omdat daar nou 'n beter begrip is van hoe swak Griekeland se onderliggende finansiële posisie is.



“Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inklusief, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nóg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nóg 'n gelisensieerde diensverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.”